**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nr: 122/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**JOHANNES HERMANUS MARNEWECK**

---

**CORAM:** WRIGHT, R *et* KRUGER, R

---

**UITSPRAAK:** WRIGHT, R

---

**GELEWER OP:** 30 MAART 2006

---

[1] Die beskuldigde, 'n 42-jarige man, is skuldig bevind aan die oortreding van Artikel 65(1)(a) van Wet no. 93 van 1996, bestuur terwyl hy onder die invloed van sterk drank is. Hy is gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf en sy bestuurderslisensie is vir 5 jaar opgeskort.

[2] Die beskuldigde het skuldig gepleit en erken dat hy die vorige nag gedrink het en dat hy sy voertuig as gevolg daarvan nie behoorlik kon beheer nie. Hy het soms

oorbeweeg na die regterkant van die snelweg terwyl daar aankomende verkeer was. Hy erken ook dat hy ‘n gevaar vir homself en andere op die pad was. Hy is afgetrek deur die polisie en na die gevangenis geneem.

[3] Ter versagting vermeld hy dat hy geskei is en twee minderjarige kinders het wat in sy sorg is sedert 1996. Sy finansiële posisie is chaotis en hy het aangesluit by die AA Randburg en hulle vergaderings bygewoon. Hy besef dat hy die hoë risiko geval is as gevolg van sy alkoholisme maar het sedert sy vrylating nie weer gedrink nie.

[4] Dit blyk dan ook dat hy inderdaad twee vorige veroordelings vir dieselfde tipe oortreding het. Die een daarvan het lank terug plaasgevind, te wete in 1989 en die laaste een in 2002. Hy is vir laasgenoemde oortreding 18 maande gevangenisstraf opgelê wat vir 5 jaar opgekort is. Dit blyk voorts dat hy 20 verpligte sessies by ‘n rehabilitasiesentrum bygewoon het maar dat dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Bo en behalwe

bogemelde versagtende faktore was die beskuldigde bykans drie maande verhoorafwagtend in aanhouding as gevolg van sy onvermoë om die borggeld te betaal.

[5] Ten opsigte van hierdie oortreding, waar daar vorige veroordelings was, kan verwys word na **S v MAJODINA** 1996 (2) SASV 369 (A) waar drie jaar gevangenisstraf opgelê is in 'n geval waar daar vier vorige oortredings was. In die saak van **S v DREYER** 1994 (2) SASV 300 (T) was daar soos in die huidige geval twee vorige veroordelings. In die geval is twaalf maande korrektiewe toesig opgelê plus agtien maande gevangenisstraf wat op gepaste voorwaardes opgeskort is.

[6] In die lig van voormelde strafverswarende en strafversagtende omstandighede meen ek dat die vonnis wat opgelê is inderdaad sodanig onvanpas is dat daarmee ingemeng behoort te word. Die beskuldigde het voorheen wel slegs opgeskorte vonnisse vir hierdie tipe van misdryf ontvang en moet hy inderdaad nou gevangenisstraf opgelê

word maar die periode is sodanig onvanpas dat daarmee ingemeng behoort te word.

[7] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig en word die vonnis ter syde gestel en vervang met die volgende:

Vyftien (15) maande gevangenisstraf. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 27 Januarie 2006.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

/em